# Tygerberg-klub vier sy WP-kroon so tussen die haaie

Dit was asof 'n reusè-hand Kaapse strande en rotse Saterdag van hengelaars skoongevee het. Dit was nie die koue wind en ysige waters wat hulle "verjaag" het nie, want hulle ken goor toestande.

Die klomp was tuis besig om te skeer en te poeier en te poets vir die Wes-Kaapse Rotshengelvereniging se groot makietie waaroor dit weke lank reeds gons.

Wat 'n feestelikheid! Die "makietie" was die hele tyd 'n deftige geleentheid by die Twee Oseane-akwarium in die V&A Waterfront.

Al die afgelope jaar se uitblinkers het hul pryse ontvang en die provinsiale span is aangekondig.

Die ongewone afsluiting van die WP se hengelseisoen waaroor nog lank gepraat sal word, was die dankie van die Tygerberg-klub, wat vanjaar die WP-kampioen is. Tradisioneel moet die kampioenklub die gasheer wees. Toe die klub hoor hy is die kampioen, het sy lede gewys hulle is nie alleen goeie hengelaars nie, maar kan op hul voete dink met die prysuitdeling in die akwarium.

**Die Tygerberg-klub is as die Kaap se voerste hengelklub aangewys. Hier vier 'n paar klublede hul trofee. Agter staan, van links, Jaco Fourie, Thys Kemp jr., Greg Dubber, Craig van der Poll en Thys Kemp sr. Voor is Dion van Zyl en Bren van Reenen.** Foto: EBEN HUMAN

**Die Westelike Provinsie se junior hengelspan saam met sy bestuurder, Mario Teixeira. Van links staan Teixeira, Michèle Santovito, Frans Smit, Brendon Joubert, Jaco Viljoen, Jean Naudé en Steve McWilliams.**

Dit het die gaste van hul voete afgeblaas. Soos een gas gesê het: "Ek het nie geweet die gees van die hengelsport lyk so nie. Dit was net wit tande en vreugde waar jy kyk."

Die hoogtepunt was toe Tygerberg amptelik die beker ontvang.

Agter die manne, daar tussen die haaie in die tenk, het twee paddamanne verskyn en die Tygerberg banier tussen die visse geswaai. – **Katonkel**